Pretoria- …….

Skriflesing: Johannes 3:1-21; Titus 3:1-11
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3/4 paragraaf 12-13**
Teks: Titus 3:5
Sing- Ps. 105:4; Ps. 119:63; Ps. 89:11

In die vorige paragrawe het ons besef dat die enigste moontlikheid vir 'n mens om te kan glo, niks met die mens self te doen het nie. Broeder en suster, alleen net die Here skenk die geloof. Geloof word deur die wedergeboorte aan ons geskenk. Dit bring ons vandag nader aan die vraag wat is wedergeboorte nou eintlik? Dieselfde vraag wat Nikodemus daardie nag in sy gesprek met Jesus ook vra. Ons kan met wat ons vandag hier bely eintlik die saak van drié kante benader. 1. Wat is wedergeboorte 2. Waarom is wedergeboorte nodig. 3. Hoe weet ek of ek wedergebore is?

Wat is wedergeboorte?

Dit is duidelik alleen net God kan die wedergeboorte laat plaasvind. In Titus 3:5 lees ons dat God ons gered het deur die *bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees.* Vers 5 se begin is baie belangrik. Wedergboorte kon nie gebeur *op grond van die werke van die barmhartigheid wat ons gedoen het nie, maar na God se barmhartigheid het Hy ons gered.* Letterlik beteken die woord wat dit sê- om weer gebore te word. Ons aardse geboorte word deur die Here op 'n wonderbaarlike wyse beskryf-*Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef.* ***14*** *Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed.* ***15*** *My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.* ***16*** *U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie* (Ps. 139:13-16). Hierdie wonderbaarlike diepe geheime vorming van 'n mens, dit wat ons op geen manier met ons verstand kan deurgrond nie, staan vas. Só seker is die wedergeboorte niks swakker of kleiner in wat gebeur as mens wedergebore word nie.

Dit laat ons besef so wonderlik soos elke geboorte van 'n kind mag wees, na die liggaam gebore waar ek as mens geen bydrae kon lewer, hoe, waar, wanneer wie betrokke was toe ek gevorm was nie, net so min het ons wat ons wedergeboorte betref enige bydrae te lewer. Wedergeboorte maak dat jy nuut word. 2 Kor. 5:17 stel dit ***17*** *Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.*

Om in jou skepping enige bydrae te kon lewer, was onmoontlik. Net só onmoontlik is die mens se bydrae tot sy wedergeboorte. Dit wat geskep word is altyd passief. Dit word *aan* hom gedoen. So kan ons nooit onsself tot 'n nuwe skepping in Christus maak nie. Dit moet *vir* ons gedoen word. Dit beteken dat daar buite die skeppingsdaad van ons natuurlike verwekking en geboorte *nog* 'n skeppingsdaad van ons geestelike verwekking en geboorte is. Daardeur word ons hele bestaan vernuwe. God se almag doen dit. Soos Hy deur sy mag die hele wêreld tot stand gebring het, so het Hy deur dieselfde krag ook nuwe lewe in ons tot stand gebring. Dis sy werk. Sy werk alleen. Geen skepsel kon dit doen nie.

Wedergeboorte sien ons in Joh. 3 is 'n geboorte van bo. 'n Geboorte uit die Heilige Gees. Dit word vir ons gedoen. Al die woorde in God se Woord wat wys op wedergeboorte wys in dieselfde rigting. Dit is werklik soos ons reeds in 2 Kor. gelees het. Wedergeboorte maak die mens nuut, meer nog jy word 'n nuwe skepping as jy wedergebore is. God werk volkome in ons maar ook volkome sonder ons. Eers as die wedergeboorte plaasgevind het, werk God in ons maar dan ook met ons.

Wanneer ons spesifiek moet let wat wedergeboorte in die onderskeie gevalle dan is, lees ons in 1 Pet. 1:23- *want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.* Hierdie verse impliseer dat God die lewe kon gee daar waar die dood geheers het. Die lewe wat God gee kom eenvoudig die mens se lewe binne wat met die onverganklike saad van die Woord plaasvind. In die sin is wedergeboorte iets wat eenmalig plaasvind maar dit het 'n ewigdurende effek op 'n mens se lewe.

Ander kere dan kan die wedergeboorte wel ook gesien word as 'n proses van herstel, iets van 'n omkeer wat plaasvind. Dit is dan ook 'n geestelike vernuwing wat nie maar net eenmalig plaasvind en nou is dit klaar nie. Dit moet my hele lewe lank plaasvind. In hierdie sin het wedergeboorte te doen met soos ons vroeër al in die Dordtse Leerreëls bely het- Die Here as **die barmhartige God het immers beloof dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie.** Hierdie wedergeboorte waarmee mens dan te doen kry staan dan eintlik in verband met wat ons in baie gevalle ook bekering noem. Dit wat in V/A 88 van die Kategismus ook gevra word- **Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens? Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).**

Soos wat wedergeboorte dan eenmalig plaasvind maar die uitwerking is iets van ’n proses kan ons praat van die mens word onmiddellik die nuwe lewe ingeplant, jy word ’n nuwe skepsel, maar jy is nie onmiddellik as volwassene in die geloof daargestel nie. Daarom moet daar nog groei plaasvind. Die tyd wat ’n mens nog eers met melk gevoed moet word, is nie vermorste tyd nie. Paulus skryf aan die Korinthe- 1 Kor. 3:2- ***2*** *Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie…* Petrus skryf prysenswaardig oor hierdie tyd wat ons soos met melk gevoed moes word- 1 Pet.2:2- ***2*** *en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei…* Hierdie aanhoudende voortdurende groei is waar die mens betrokke is en deur God betrokke gemaak word vir sy eie geestelike groei. Die mens moet in die Woord van God al hoe dieper ingegrawe raak, al hoe méér bid, al hoe dieper en duideliker deur die Heilige Gees verlig word. Nuwe waarhede word dan in die Woord van God ontdek en so ’n mens stel sy lewe in diens van God. Dit wat God werk laat Hy jou nou ook werk.

Waar die mens eers heeltemal passief was toe die wedergeboorte die eerste keer plaasgevind het so maak God die wedergeborene hoe langer hoe meer aktief in hierdie voorgaande proses wat die wedergeboorte aan die gang gesit het. Met hierdie proses stel die Dordtse Leerreëls dit as volg- **Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer…**

Dit is verkeerd om te wil glo nou is die mens die een wat by die Gees oorgeneem het en die mens is nou self verantwoordelik vir sy verdere bekering. Née, glad nie, waar die mens homself/haarself moet bekeer kan dit nie sonder die Heilige Gees plaasvind nie. So ’n mens word nou net ’n aktiewe deelnemer in die voortgaande bekerings proses. Hier wil die Arminiane ons anders leer. Hulle is van mening dat die mens sy eie heil moet kan uitwerk. Die mens besluit of hy/sy bekeer sal wees of nie. Volgens hulle kan dit nie wees dat die uitverkiesing bepaal of jy gered gaan word of nie maar jyself kies om gered te word. So is dit dan nie God wat kies wie hulle gaan bekeer en wie nie, maar dit dan die mens wat sy lewe moet verander. Volgens hulle het die mens ’n deurslaggewende rol in sy bekering te vervul. God sal jou help in jou stryd teen die sonde en jou bystaan as jy bekeer wil wees in jou

verlange na wat jou lewe van heiligmaking moet wees. Hiervolgens stel hulle dit baie sterk dat volgens hulle sal God niemand help as die persoon nie eers sy hart vir die Here gegee het en sy wil om bekeer te wees duidelik gemaak het nie. God se wil word aan die mens se wil onderwerp. Baie duidelik glo ons anders, daarom bely ons dit ook heel anders.

Hiermee stel ons dan eintlike die tweede vraag vandag-

<u>Waarom die wedergeboorte noodsaaklik is?</u>

Heeltyd val die nadruk op die feit dat God *sonder ons medewerking* sy herskeppende werk verrig. Die Dordtse Leerreëls wys daarop dat die wedergeboorte iets feesteliks is. **Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif is dit in sy krag nie minder of geringer as die opwekking van die dooies nie**.

Is dit hoe ons dit beleef wanneer daar oor die wedergeboorte gepraat word? Dit is wonderlik en dit is só nodig dat ons dit só moet beleef? Waarom is daar soms 'n verleentheid? Dis tog 'n geweldige saak, waarvoor ons God nooit genoeg kan prys nie? 'n Mens juig oor God se wonderbaarlike werk in sy lewe. Wedergeboorte is so 'n feestelike en veelbelowende woord. Jammer dat die woord dikwels misverstaan word. Dit gebeur veral wanneer jy vergeet dat dit by die wedergeboorte gaan oor iets wat God doen. Nie oor iets wat die mens moet doen as toelatingsvereiste vir die hemel nie. Dit gaan nie oor iets wat van ons as mense *geëis* word nie. In die Bybel lees jy nêrens die oproep: - sorg dat jy wedergebore word of selfs die vraag: is jy wedergebore? nie. Dit gaan nie oor 'n eksamen wat geslaag moet word nie.

Die noodsaak tot wedergeboorte moet ons baie goed besef, geliefdes- Dit help nie om te sê ek het in die kerk grootgeword, ek is gedoop, daarom is ek wedergebore nie. Die doop veronderstel beslis nie die wedergeboorte soos Abraham Kuyper wou glo nie. Alle gedooptes is nie noodwendige wedergeborenes nie, net so min is alle gedooptes noodwendige uitverkorenes. Alle uitverkorenes is wel wedergeborenes en ook omgekeerd, alle wedergeborenes sal uitverkorenes wees. Dit alles omdat die verbond hulle ingesluit het, maar die verbond kan selfs ook hulle insluit wat verlore gaan, wat nie uitverkies is nie, wat nie wedergebore is nie.

Dit laat ons die noodsaak van die wedergeboorte net beter en beter besef. Niemand wat gered is, kan die noodsaak hiervan mis nie. Luister maar na dit wat Christus aan Nikodemus sê:

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Vir wie sê die Here Jesus dit? Vir 'n heiden? Nee, vir Nikodemus. 'n Man wat in die verbond en in die kerk grootgeword het. Meer nog, 'n leraar van God se volk. Indien 'n man van Nikodemus se statuur opnuut gebore moet word, dan tog seker ons ook?

Ja, Jesus sluit niemand uit nie. Die reg om God se ryk binne te gaan is mos nie aangebore nie. Daarvoor is 'n nuwe geboorte nodig, 'n geboorte van bo. Dit moet jou vanuit die hemel gegee word. Op dieselfde manier het Johannes die Doper ook verkondig dat gebore-Jode nie outomaties burgers van God se ryk is nie. Jy kan na die vlees 'n kind van Abraham wees, 'n kind van God se verbondsvolk. Dit waarborg egter nie die toegang tot die hemel nie. Dit word mos nie bepaal deur 'n natuurlike geboorte nie, maar deur 'n goddelike geboorte.
In vers 6 vervolg Christus: *wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.* Elke mens is vlees: deur sy vader verwek en deur sy moeder gebaar. Daarom word ons menslike bestaan veral bepaal deur erflikheid en sterflikheid. Ek kan as mens nooit bo myself uitstyg na die hemel nie. Daarom kan my geboorte uit gelowige ouers, my nie salig maak nie. Die feit dat ek gedoop is en in die kerk grootgeword het, kan my nie red nie. Dink maar aan die Jode en aan Nikodemus.

Weereens en dit sluit aan by wat wedergeboorte waarlik is- Jesus sê nie vir Nikodemus jy moet dit self doen nie. Die geboorte van bo val buite die bereik van ons menslike moontlikhede. Dit lyk dus asof Christus 'n onmoontlike "eis" stel. Dan kan niemand mos gered word nie. Maar wat by die mense onmoontlik is, is moontlik by God. Hy werk nie slegs via die natuurlike geboorte nie. Hy laat mense ook uit Sy Heilige Gees gebore word. Ons mag ons verwonder oor die werk van God se Gees.Daarom sluit ons nou af met die laaste vraag vandag-

<u>Hoe weet ek of ek wedergebore is?</u>

Nie deur binne in onsself te soek na bepaalde ervarings of tekens nie. *Nie* deur te let op ervarings van ander en jou *daaraan* te meet nie. Ons word geroep om *te let op Christus*. Die oproep wat ons voortdurend in die Skrif lees is: *"glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word.* Slegs Christus en sy woord gee sekerheid. Wanneer ek dit in geloof aanneem, mag en moet ek God prys vir sy werk van wedergeboorte. Dis opvallend dat Joh. 3, wat die noodsaak van die wedergeboorte so nadruklik noem, ook die duidelikste uitsprake maak oor verlossing deur geloof alleen. Lees maar weer verse 15-18. *sodat elkeen wat in Hom glo, nie*

verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. ***16*** *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.;* ***17*** *Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.* ***18*** *Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.*

Elkeen wat in Christus glo, sal nie verlore gaan nie. Ja, jou persoonlike geloof in God se beloftewoord is die duidelikste bewys dat jy opnuut gebore is. Hoe anders kon jy wat dood was deur jou sondes weer lewe vir God? Die vraag: "is jy wedergebore?" hoef nie noodwendig verkeerd te wees nie. Ons moet egter oppas dat ons die vraag nie op 'n verkeerde subjektiewe manier hanteer nie, sodat ons ons subjektiewe gevoelens en ervarings sentraal stel nie.

Ons moet die vraag *Christosentries* hanteer, d.w.s gefokus op Christus. Met die sentrale vraag: "glo jy in Jesus Christus? Aanvaar jy van harte die beloftes van die evangelie wat in jou doop vir jou verseël is en wat weekliks aan jou verkondig word?" Die belangrikste is nie my ervaring nie, maar of ek die Here Jesus Christus deur die geloof ken. Of ek kan wys op 'n besondere ervaring van wedergeboorte, is nie belangrik nie. Daar is baie christene wat glad nie weet wanneer God in hulle begin werk het nie. Dalk omdat die Gees geleidelik gewerk het via die verbondsopvoeding. Belangriker as die vraag: "is jy wedergebore?" is die vraag: "leef jy as 'n wedergeborene, is die vrug van die Gees sigbaar in jou lewe, ken jy die Here Jesus en leef jy met Hom?" Nie die herinnering aan jou geboorte, maar die ervaring dat jou hart klop, maak jou daarvan bewus dat jy regtig lewe. So is dit ook met die tweede geboorte. Die feit dat jy by jouself ontdek dat jy van harte glo en Jesus Christus as jou Verlosser liefhet, juis dit laat jou besef dat jy opnuut gebore is. Dan mag jy in verwondering oor jou wedergeboorte praat en God daarvoor prys.

AMEN

Pretoria- …….





Paragraaf 13